

21. Die wel en wee van die vroeë kerk

Handelinge 5: 17 tot Handeling 7

God hou sy kerk in stand

Na Christus se kruisiging hou die kerk nie op bestaan soos baie mense verwag het nie. Die Here bewaar sy kerk. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende:

- God bewaar sy kerk deur alle eeue.
- Die gelowige word geroep om te midde van moeilike omstandighede aan God gehoorsaam te bly en Hom alleen te dien.
- Die gelowige moet besef dat hy ter wille van sy geloof in Christus vervolg en selfs gedood sal word.

Afguns en nyd van die Joodse Raad

Die optrede van die apostels vind weerklank by 'n groot deel van die Joodse volk en, veral in Jerusalem. Die gebeure by die tempel bereik ook die ore van die Joodse Raad. Hulle is vervul met nydigheid en afguns. Hulle besef dat die volk se simpatie by die apostels lê. Hulle afguns en haat blyk duidelik uit die verbod van die hoëpriester om in die Naam van Jesus te leer. Tog het die apostels daarmee voortgegaan.

Die Raad is bang vir die volk wat die apostels se kant gekies het. Dit is vir die raadslede duidelik dat hulle teen die apostels moet optree.

Die apostels word gevange geneem

Die hoëpriester en die Sadduseërs sit die apostels in die gevangenis. Volgens Lukas lyk dit of nie al twaalf die apostels betrokke was nie, maar net Petrus en Johannes wat as predikers opgetree het. In die gevangenis word hulle saam met rowers en moordenaars toegesluit. Geen voorlopige verhoor vind plaas soos die Romeinse wet vereis het nie.

Die Sadduseërs het nie aan die bestaan van engele geglo nie, maar 'n engel van die Here maak in die nag die deure van die gevangenis oop en lei hulle uit. Die bedoeling is nie dat hulle moet vlug en wegkruip nie. Intendeel, hulle kry opdrag om na die tempel te gaan en aan die volk die woord van die

ewige lewe te verkondig. Die Joodse Raad moet beseef dat hierdie apostels nie net grootpratery is nie maar mense wat doelbewus in opdrag van Jesus en die Heilige Gees werk¹⁵⁵.

God moet gehoorsaam word

Die volgende oggend sluit die oudstes van Israel hulle by die Joodse Raad aan om hulle te ondersteun. Hulle laat haal die apostels uit die gevangenis, maar die dienaars kom terug met 'n merkwaardige verhaal. Hulle vertel dat die wagte op hul pos was en die deure behoorlik gesluit, maar toe hulle die deure oopmaak was die apostels nie daar nie. Die hoëpriester, die hoofman van die tempelwag en die owerpriesters, wat vir die gevangening verantwoordelik was, was baie verleë toe hulle dit hoor.

Terselfdertyd kom vertel iemand dat die apostels besig is om die volk in die tempel te leer. Die hoofman en sy dienaars word gestuur om hulle in hegtenis te neem. Maar hulle is bang om die apostels met geweld gevange te neem omdat die skare dit dalk nie gaan toelaat nie. Die apostels verset hulle egter nie, maar gaan gewillig saam met die hoofman.

Weer voor die Joodse Raad word hulle daaraan herinner dat hulle uitdruklik verbied is om in die Naam van Jesus te leer. Vreesloos antwoord Petrus: "Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense." Hy herinner ook die Raad daaraan dat dit hulle is wat verantwoordelik is vir Jesus se kruisdood, maar dat Hy die dood oorwin het omdat Hy die Verlosser is. By die aanhoor van hierdie woorde is hulle so woedend dat hulle die apostels wil doodmaak.

Gamaliël se optrede

Die Fariseër, Gamaliël, neem die woord. Hy raai die raad aan om versigtig te wees. Hy is 'n Fariseër en 'n rabbi van hoë aansien, behorende tot die skool van Hillel. Hy het baie leerlinge, waaronder Saulus van Tarsus.

Hy wys daarop dat opstandelinge soos Theudas en Judas, die Galileër, wat nuwe leerstellings verkondig het, nie in hul doel geslaag het nie. (Gedurende hierdie tydperk het die Jode ernstig gesoek na 'n leier om hulle te verlos van die Romeinse oorheersing. Theudas en Judas het opgetree as leiers en het

155 Matt. 28: 19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

'n aantal volgelinge gekry, maar van albei bewegings het niks gekom nie.) Hy vermaan die Joodse Raad om hierdie manne, die apostels, nie te hinder nie. As hierdie werk uit mense is, sal dit vernietig word net soos die geval was met Theudas en Judas. Maar as dit uit God is, sê hy, kan julle dit nie vernietig nie.

Die Joodse Raad luister na Gamaliël en nadat die apostels lyfstraf ontvang het en hulle weer belet is om in die Naam van Jesus te spreek, is hulle vrygelaat.

Dit klink ongelooflik dat die Joodse Raad die reg in eie hande neem het, maar goewerneur Pilatus wat reg moes gespreek het, wou die guns van die Jode wen en het hulle hul gang laat gaan.

Die apostels beskou dit as 'n eer beskou dat hulle waardig geag is om vir die Naam van Jesus oneer te ly. Dit was vir hulle nie 'n skande nie, maar 'n groot eer. Dit was vir hulle duidelik dat dit die Here is wat hulle bewaar. Net so bewaar die Here ons vandag nog¹⁵⁶.

Diakens gekies

Die apostels, met Jesus se voorbeeld in gedagte, ontferm hulle oor die armes, siekes en die oues. Hulle moet die woord van die Here verkondig en die liefdesmaaltye behartig.

Toe die getal gemeentelede baie word, het die werk vir die apostels te veel geword. Van die Griekssprekende Jode begin kla dat hulle weduwees in die daaglikse versorging oor die hoof gesien word. Die apostels roep die dissipels byeen en vra dat manne gekies moet word om te help met die versorging van die behoeftiges in die gemeente.

Die apostels verklaar dat dit manne moet wees van goeie getuienis, vol van die Heilige Gees en wysheid. Hulle is daarna met groot erns en sorgvuldigheid verkies, soos blyk uit die feit dat vir hulle gebid is en hulle die hande opgelê is. Hulle was waarskynlik die eerste 'diakens', want hulle het dieselfde dienste verrig as vandag se diakens. Die woord 'diaken' is afgelei van die Griekse woord 'diakonos' wat dienaar beteken.

156 1 Pet. 5: 7 Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle.

Hierdie ampsdraers was dienaars van God¹⁵⁷, en daarna ook van die gemeente¹⁵⁸. Die betekenis word duideliker wanneer die woord 'diaken' gebruik word vir die manne wat spesifiek deur God geroep word om met waardigheid op te tree in hul versorging van die armes¹⁵⁹.

Stefanus word gevange geneem

Stefanus is een van sewe manne wat gekies is om die weduwees van die Griekssprekende Jode in Jerusalem in hul nood te help. Hy is 'n man vol van geloof en die Heilige Gees. Hy verrig barmhartigheidswerk as diaken en tree ook op as evangelis. Sy optrede veroorsaak heftige vyandskap, veral van die kant van sekere Jode.

Waarskynlik het hy vir die Griekssprekende Jode gepreek. Uit sy naam blyk dat hy van Griekse afkoms was. Daarom kan die Griekssprekende Jode hom beter verstaan as die Jode (Hebreërs). Dit mag ook wees dat die Griekssprekende Jode wat die Christelike leer bely het en ook diegene wat nog nie die Christelike geloof aangeneem het nie, nie so 'n suiwer opvatting van die nuwe leer gehad het as die gewone Jode nie.

Stefanus is beskuldig deur mense afkomstig van Asië, Afrika en Europa. Hulle twis met hom, maar is nie opgewasse teen die wysheid en die Gees waarmee hy praat nie.

Sy teenstanders gebruik daarom die ou bekende tegniek om woorde te verdraai. Hulle steek manne op om te sê dat hulle hom lasterlike dinge teen Moses en God hoor sê het. Toe gryp hulle hom en bring hom voor die Joodse Raad (Sanhedrin) en beskuldig hom daarvan dat hy die tempel oorbodig ag en dat hy die wette van Moses wil afskaf.

Stefanus se verhoor

Die Joodse owerpriesters is net begaan oor die erediens in die tempel en die baie seremonies wat daar plaas vind. Stefanus wil egter aan hulle verduidelik dat die seremoniële tempeldiens vervang moet word deur 'n diens gewy aan

157 2 Kor. 6: 4 maar in alles beveel ons ons aan as dienaars van God, met baie geduld, in verdrukkinge, in node, in benoudhede;

158 Gal. 6: 10 Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof.

159 1 Tim. 3: 8 Net so moet die diakens waardig wees, nie uit twee monde spreek nie, nie verslaaf aan wyn nie, geen vuilgewinsoekers nie,

God in Gees en waarheid ¹⁶⁰. Hy wys op die treffende ooreenkoms tussen Moses en Jesus is. Die vroeëre openbaringe van God het slegs 'n tydelike karakter gedra en het heengewys na die vervulling in Jesus Christus. Die diens van God is nie net tot die tempel beperk nie.

Hy wys die owerpriesters daarop dat hulle nie alleen die profete doodgemaak het nie, maar dat hulle ook die verraaiers en moordenaars van Jesus is. Hulle het wel die wette van die engele ontvang, maar dit tog nie onderhou nie.

Die owerpriesters is woedend. Maar Stefanus hef sy oë op na die hemel en sien die heerlijkheid van God. Hy sê dat hy die hemele geopen sien en dat die Seun van die mens aan die regterhand van God staan. Hy noem die Messias die "Seun van die mens", waarskynlik om die Raad te herinner aan die woorde van Jesus toe Hy voor hulle regbank gestaan het¹⁶¹. Nou ken hulle woede geen perke nie. Soos een man storm hulle op hom af, sleep hom tot buitekant die stad en stenig hom.

Stefanus gestenig

Die getuies, wat die beskuldigings teen hom ingebring het en nou die eerste klippe moet gooi, sit hul klere neer aan die voete van 'n jong man, Saulus. Toe die eerste klippe hom tref, bid Stefanus: "Here Jesus, ontvang my gees." Daarna val hy op sy knieë en roep met 'n groot stem uit: "Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie!" Met daardie woorde sterf hy.

Die twee bedes wat Stefanus uitspreek, is byna dieselfde as dié van Jesus aan die kruis¹⁶². In sy sterwe het Stefanus dus Jesus aan die kruis in gedagte, en is hy bereid om as troue navolger sy lewe neer te lê.

Sy vriende kom en begrawe hom. Hierdie moord op Stêfanus is in alle haas uitgevoer om te verhoed dat die goewerneur, Pilatus, ingryp omdat alleen hy die bevoegdheid het om reg te spreek.

160 Joh. 4: 23 Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid.

161 Matt. 26: 64 Jesus antwoord hom: U het dit gesê. Maar Ek sê vir u almal: Van nou af sal u die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God en kom op die wolke van die hemel.

162 Luk. 23: 46 En Jesus het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Vader, in u hande gee Ek my gees oor! En toe Hy dit gesê het, blaas Hy die laaste asem uit.

Luk. 23: 34 En Jesus sê: Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie. En hulle het sy klere verdeel en die lot daarvoor gewerp.

Jesus se woorde aan sy dissipels dat elkeen wat hulle doodmaak, sal dink dat hy 'n diens aan God bewys, is nou bewaarheid¹⁶³. Dit was ook die begin van 'n groot vervolging teen die Christene in Jerusalem. Hulle vlug uit die stad en raak verstrooid in die omliggende gebiede. Daardeur kan hulle die evangelie buitekant Jerusalem verkondig.

Aanbevole leesstukke:

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgesiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Nieuwe Testament deel II. Kampen: J.H.Kok. 410 - 417 p.

GROENEWALD, E.P. 1968. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Nuwe Testament. Pretoria: DBU. 426 - 432 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 715 - 716 p.

TEN HAVE, P. 1935. Bij de Bron: Nieuwe Testament deel II. Neerbosch. Neerbosch Drukkerij. 632 - 643 p.

VAN DER WAAL, C. 1998. Sola Scriptura. Gids vir Bybelstudie. Deel 4: Matteus - Openbaring. Pretoria: Sola Scriptura Instituut. 98 - 99 p.

163 Joh. 16: 2 Hulle sal julle uit die sinagoges ban. Ja, daar kom 'n uur dat elkeen wat julle om die lewe bring, sal dink dat hy 'n diens aan God bewys.